



RYNIENUUS

LAERSKOOLO RYNFIELD



UIT DIE HOOF SE KANTOOR:

GROETE AAN AL DIE RYNIES!

*Mnr. Wally
Janse van
Rensburg*



Indien die weer saamspeel word die Interlaer atletiek vandag afgehandel en ons wens al die atlete sterkte toe wat na die Groter Benoni kampioenskappe deur is. Uitslae van die Interlaer sal in volgende week se nuusbrieff verskyn.

Op buitemuurse gebied verskuif die fokus nou na die rugby- en netbalseisoen. Die netbal neem hierdie jaar net soos die rugby in die Superliga deel. Die Superliga is die sterkste en hoogste liga in die Oos-Rand. Die rugby speel al vir 'n hele paar jaar in dié liga en ons wens veral die netbal sterkte toe met die nuwe uitdaging. Die enigste aktiwiteit by 'n skool waaraan al die leerders deelneem en by baat vind is natuurlik die akademie. Akademie bly prioriteit by Laerskool Rynfield en die leerders en opvoeders werk kliphard vir goeie resultate.



Die eerste geskeduleerde toets vir Gr. 4-7 vind volgende week 18 Februarie 2025 plaas. Berei vroegtydig voor en vra as daar enige onduidelikhede is.



RYNIENUUS

LAERSKOOl RYNFIELD



Soos verlede week berig is die skooltye weer vanaf Maandag 17 Februarie 2025 weer normaal as volg:

<i>Afdeling</i>	<i>Skooltye</i>
Kleuterskool	08:00 – 13:00 (Personeel reeds vanaf 07:00 aan diens)
Gr.1 en 2	07:30 – 13:00
Gr. 3	07:30 – 13:30
Gr. 4 - 7	07:30 – 13:50



Môre is die laaste dag wat die skool om 13:00 vir al die leerders sluit.



Môre mag al die leerders Valentynsklere aantrek skooltoe naamlik wit, rooi en pienk. Geen kostes is hieraan verbonde nie.

Al wat ons vra is dat elke leerder 'n nie-bederfbare kos item bv. blikkieskos, suiker, meliemeel ens. saambring vir ons koskas ten bate van behoeftige gesinne.



KLEUTERSKOOl

LAERSKOOl RYNFIELD



Baie dankie aan al die maats wat ons met al die lekkernye bederf het! Ons eerste Lekkerbek-Vrydag by Rynfield Kleuterskool was 'n fees! Baie dankie aan al die ouers!





RYNIESNUUS



LAERSKOOl RYNFIELD

Die Liefde by die Park 'Colour Run' is om die draai, en ons is BAIE opgewonde! Hierdie jaar belooft om nog beter en kleurvoller te wees as verlede jaar!

Onthou, kaartjies is beskikbaar op TicketPro en die 10km resies spring reeds 08:00, op 15 Februarie, weg.

Die 5km- en 2km resies sal daarna in intervalle van 30 minute wegspring. Bring jou ouma, oupa, oom, tannie, buurman en jou hond saam!

Jy wil hierdie dag nie mis nie. Sien julle daar!





RYNIESNUUS



LAERSKOOLO RYNFIELD

RYNIES PRESTEER:

Mia Pienaar is gekies om Italië toe te gaan om deel te neem aan die Treviso Swimming Cup vanaf 25 Junie - 8 Julie.

Dit is 'n wonderlike geleentheid vir haar en sal Suid Afrika verteenwoordig. Die kostes aan hierdie toer is baie hoog en hulle het 'n "Back-a-buddy" fondsinsameling gestig. Besoek asb die Buddy-webtuiste vir meer inligting.

SPORT: MINI-NETBAL PROEWE:

Ons nooi alle belangstellende Gr. 1 - 3 dogters na ons mini-netbalproewe uit:

Graad 1 + 2

17 Februarie: 13:15 - 14:00 (Koormaats sal verskoon word)

18 Februarie: 13 : 15 - 14:00

20 Februarie: 13:15 - 14:00

Graad 3:

17 Februarie: 14:15 - 15:00 (Koormaats sluit na kooroefening by ons aan)

18 Februarie: 13:45 - 14:45

20 Februarie: 13:45 - 14:40

Daar word 4 o/7 en o/8 spanne gekies en 3 o/9 spanne.



**RYNIE
KOMBERSE**

Te koop

R130

by Juffrou Bianca
(Vissieklas)



SKAAK
JUNIORS GR 1 EN 2

ONTHOU:

Kom leer skaak speel elke Woensdag!

13:00 tot 14:00

Ontmoet ons by die groot skaakbord!

Skaakjuffies



RYNIESNUUS



LAERSKOOLO RYNFIELD

CHEERLEADING:

Ons is hard aan die oefen en berei ons voor vir die 1ste kompetisie op 8 Maart!



Baie geluk aan die volgende twee dogters wat gekies is as cheerleaders van die maand:

- Zaria van Wyk - Poms
- Alexia Koekemoer - Cheerleading

REVUE:

Ons begin amptelik met oefening op 24 Februarie in die saal.

PROGRAM:

Maandag: 24 Februarie:

- Graad 6 = 3 - 4 uur
- Graad 7 = 4 - 5 uur

MAART:

3 Maart:

- Gr. 4 = 3 - 4 uur
- Gr. 5 = 4 - 5 uur

10 Maart:

- Gr. 6 = 3 - 4 uur
- Gr. 7 = 4 - 5 uur

17 Maart:

- Gr. 4 = 3 - 4 uur
- Gr. 5 = 4 - 5 uur

24 Maart:

- Gr. 6 = 3 - 4 uur
- Gr. 7 = 4 - 5 uur

2025 PRACTICE TIMES

Cheer Acro

From 1 February 2025

The Eagle tumbling club
(John Barrable)

Mondays 18:30-19:15
Wednesdays 18:30-19:15

x1 a week = R350.00 p/m
x2 a week = R500.00 p/m

Indien u kind belangstel, maak asseblief seker dat hulle by elke oefening sal wees en dat u as ouers onderneem om die fooie te betaal.

Geen gelde word terugbetaal indien leerders a 2 maande nie meer wil deelneem nie.

FOOIE: R2000.00

Betalings: R500 deposito betaalbaar teen einde Maart. Balans (R1500.00) betaalbaar tussen April - Julie.

Teen einde Julie moet alles klaar betaal wees.

- Kontantbetalings slegs by Juf. Bianca Greef.
- EFT in skoolrekening - Verw. kind se naam + Revue.

Daar is heelwat uitgawes wat betaal moet word met die Revue.

Ons sien uit na 'n heerlike Revue-Seisoen!!



RUGBY

LAERSKOOLO RYNFIELD



Laerskool Rynfield Manne-aand



R2500 PER TAFEL
10 PERSONE PER TAFEL
ETE INGESLUIT

28 FEBRUARIE 2025
18:00 - 23:00

BRING JOU EIE COOLERBOX
FONDSE TEN BATE VAN O/10 RUGBYSpan

**KAARTJIES
EN
BESPREKINGS
BY MNR. MICHAEL**

TAG RUGBY ONDER 7 & 8

Maandag, 17 Februarie 2025 om 17:00 vind die jaarlikse Tagrugby vergadering in die skoolsaal plaas. Slegs seuns wat hierdie jaar 7 en 8 jaar oud word mag speel, geen uitsonderings.

Die doel van die vergadering is om vas te stel watter ouers hierdie jaar die spannetjies gaan afrig, asook om die nodige reëls en regulasies van die spel deur te gee.

Die vergadering beloof om baie kort te wees.





RYNIENUUS



LAERSKOOl RYNFIELD

KULTUUR:

14 Februarie:

Finale dag om redenaarstoesprake by Juf. Barbara in te handig .
Alle toesprake wat goedgekeur was, is aangeteken. Hierdie leerders sal in die week van 17 Februarie inligting rakende die Interne Redenaars optredes ontvang.

Spanredenaars:

Stuur asseblief 'n briefie/lysie met die spanne se graad en spanlede se name. 'n What's app gaan verlore aangesien boodskappe nie noodwendig deurkom wanneer ek by die skool is nie en ek kan dan vergeet om dit aan te teken.

Spanredenaars MOET by Juf. Barbara of Juf. Coffey oefen as hul onder Laerskool Rynfield se naam wil inskryf by Interskole, Radikale Redenaars of Oppi-Tong af.

Individuele Redenaars:

Tot en met 11 Maart kry die Individuele Redenaars voorkeur om hul toesprake te kom oefen. Maar 'n afspraak met Juf. Coffey of Juf. Barbara vir 'n oefentydjie.

Kultuurgroete, Juf. Barbara





NASKOOL

LAERSKOOLO RYNFIELD



Finansies:

State gaan binnekort uit, maak asseblief seker u hou u rekening op datum.

Huiswerksessie:

Ons gaan volgende week 'n proeflopie doen met die huiswerkklassse. Daar sal 3 huiswerksessies per dag (Maandag – Donderdag) vir die graad 1 – 4 leerders wees. Die doel hiermee is om leerders per klas te verminder, sodat meer aandag aan leerders geskenk kan word. Ons wil ook graag leerders wat sport doen die geleentheid bied om by 'n huiswerksessie in te skakel.

Sessie 1: 13:50 – 14:30

Personeel sal leerders laat weet watter sessie hulle moet

Sessie 2: 14:30 – 15:10

bywoon. Leerders sal ingedeel word na gelang van sport en

Sessie 3: 15:10 – 15:50

buitemuurse aktiwiteite.

Ons sal u op hoogte hou met verdere verwikkelinge in die verband.

GRAAD 5 – 7 LEERDERS SE HUISWERKSESSIE GAAN VOORT SOOS NORMAAL (14:30-15:30)

Toetsreeks:

Die toetsreeks vir Gr 4 -7 leerders begin volgende week. Maak asseblief seker u kind/ers se leerwerk is ingepak. Huiswerksessie sal ook aangewend word vir studie.

NASKOOL SPYSKAART:

Maandag 17/2: Russian Rolletjies

Dinsdag 18/2: Spaghetti Bolognaise

Woensdag 19/2: Tuna Rolletjies

Donderdag 20/2: Kouevleis & Slaai

Vrydag 21/2: Slap Chips

- Elke dag vrugte en sap



SNOEPIE SPYSKAART:

Maandag 17/2: Bacon & Cheesewrap

Dinsdag 18/4: Vetkoek & Mince

Woensdag 19/2: Pasteie


Donderdag 20/2: Gesondheidsbroodjie

Vrydag 21/2: Burgers



TEN SLOTTE

LAERSKOOl RYNFIELD



W JANSE VAN RENSBURG
SKOOLHOOF



ADVERTENSIES



LAERSKOOLO RYNFIELD

**AS HEARD ON
JACARANDA FM**

A+STUDENTS' COURSES:

- MINI Genius: From 3 years old
- KIDS Genius: From 5 years old
- YOUNG Genius: From 8 years old
- JUNIOR Genius: Gr. 4-12 (available at selected branches)

COURSES INCLUDE :

- Abacus and Mental Arithmetic
- A+Play Maths
- Pure Mathematics

AND SO MUCH MORE!

Bianca

082 330 5179

biancam@aplusstudents.co.za

www.aplusstudents.co.za

**A+
STUDENTS™**
Abacus Maths

**LEARNING
STARTS WITH**

play!



PAMASA
MEMBER OF PAMA GLOBAL ABACUS & MENTAL
ARITHMETIC ASSOCIATION PAMA GLOBAL



FASA
THE FRANCHISE ASSOCIATION
OF SOUTH AFRICA

A*Students Member of: The Franchise
Association of South Africa. (FASA)



ADVERTENSIES



LAERSKOOLO RYNFIELD

— Discover —
**The Sweetness
of Nature**

Visit our Highveld Honey Farm Shop at 186 Uys Street,
Benoni for the finest Farm Fresh Honey.

Open Monday to Friday 8:00am - 5:00pm
& Saturday 8am - 1:00pm

100% Pure and Natural Raw Honey
Locally Produced by Our Own Bees
Rich in Flavour

www.highveldhoney.co.za 011 849 1990 @highveldhoneyfarms



ADVERTENSIES



LAERSKOOL RYNFIELD



Ons Perdry Lesse:

- Top Gekwalifiseerde Instruksureurs
- Veilige arena's, perde en toerusting
- Gereelde Graded en Recreational tuis kompetisies
- Ondersteuning by buite kompetisies
- Meer as 35 jaar plaaslike en internasionale ondervinding
- Uitstekende verwysings!

*Sluit by ons aan
en gee jou ruiter
die beste!*



Melise Etheridge 082 898 6930



28 Jarrah Rd, Cnr Holding Rd, Petit



www.crystalridgestables.co.za





ADVERTENSIES



LAERSKOOl RYNFIELD

**ACE IT
TUTORING**

Extra classes we provide

- Afrikaans & English (Gr R - Gr 12)
- Mathematics (Gr R - Gr 9)
- Other Subjects (Gr 4 - Gr 9)

* Lessons can be given in English or in Afrikaans

Mon - Thu (14:00 - 18:00)

Where to find us

71 Glen Gory Rd, Norton Home
Estates, Benoni North

Contact us

robbertze68@gmail.com
Lucy: 066 258 9167

ERL22



ADVERTENSIES



LAERSKOOl RYNFIELD

**Op soek na 'n betroubare en passievolle
ou pair?**

**Ek is 'n finalejaar onderwysstudent
met ervaring in kinderopvoeding en 'n
liefde daarvoor om kinders te help leer
en ontwikkel.**

**Ek bied buigsame ure, hulp met
huiswerk en stimulerende aktiwiteite
wat aangepas is by jou kind se
behoefte.**

**Kom ons gesels en kyk
hoe ek jou gesin se roetine kan
ondersteun
en julle lewe makliker kan maak!**

**Kontak my gerus:
Kar-lee de Lange - 083 275 5082**



ADVERTENSIES



LAERSKOOLO RYNFIELD

Save the date **26 FEB**

GOLF DAY

BENONI COUNTRY CLUB

R3600
PER 4 BALL
GOLF, CART &
PRIZE GIVING DINNER

HOLE SPONSORSHIP
R2000

whatsapp booking to 063 133 4697

Fast Track COACHING
CRICKET ACADEMY

FUNDRAISER
Fast Track boys Corrie Botha and Keagan Hills from
Die Hoërskool Menlo Park are going to England